Telefoon: (012) 332-3222 | e-posadres: gsdp@gsdp.org.za | webwerf: www.gsdp.co.za

GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

Wees sterk en vol moed

# INFO 16/2024

25 Oktober 2024

## Van die skoolhoof

***Liewe GSDP-gemeenskap***

### *Bemoediging in 'n naam*

*Lameg was 182 jaar oud toe hy 'n seun kry. Hierdie seun moes 'n naam kry en hy noem hom Noag, want hy het gesê: **"Dit is hy wat ons sal troos oor ons werk en oor die moeitevolle arbeid van ons hande…" (Genesis 5:29)***

*Moeitevolle arbeid van ons hande…, ons lewe word dikwels deur baie moeite gekenmerk. Ons sien dit in ons samelewing, BELA bedreig ons skole en ons taal, Gauteng het waterprobleme, al hoe meer gesinne ervaar finansiële uitdagings en by die skool moet ons stoei met 'n begroting wat baie uitdagings bied.*

*In die klaskamer sien ons ook moeite, probleme, spanning en hartseer. Selfs met al ons harde werk, raak ons nie sommer hiervan ontslae nie. As ons ons ore op die pols van die klaskamer hou, sal ons agterkom daar is baie kinders wat alleen, onwelkom en verwerp voel. Soms slaag onderwysers daarin om die hart van 'n kind te raak, ander kere voel dit of ons harde werk in die water gegooi word. Hierdie moeites het in die Tuin van Eden begin. Hier het alles skeefgeloop en ons pluk vandag nog die vrugte daarvan.*

*Lameg het dit al met die tyd van sy seun Noag se geboorte besef. Hy ervaar nie sy lewe as maklik nie. Hy het moeite met die Here se vervloeking van die aarde na die sondeval. Die jare gaan verby, maar ten spyte van al sy moeitevolle arbeid, word die lewe net nie beter nie. Wanneer Lameg 'n seun van die Here ontvang, plaas Lameg sy hoop en verwagting in die kind en noem hom Noag, wat rus beteken. Hy merk op "…dit is hy wat ons sal troos…"*

*Lameg soek vertroosting vir 'n harde lewe wat hy moet lei. Ons almal smag hierna, ook as ons teleurstelling in die opvoedingsproses ervaar. Lameg wag op God wat 'n Verlosser belowe het. En die beloofde Verlosser het gekom, nie in Noag nie, maar in Jesus Christus, die Vertrooster van Israel (Lukas 2:25). Wat Lameg op gehoop het, het Anna en Simeon gesien, 'n bevestiging van hul moeilike en harde werk.*

*Ons mag nie moed verloor in ons aardse stryd nie. Ons mag uitsien na Jesus Christus se koms, ook as die probleme vir ons soms onoorkombaar lyk. Hy bewaar sy kinders, te midde van taal- en kultuurstryde, oorloë, demografiese veranderinge en ekonomiese uitdagings. Die Verlosser, Jesus Christus, is die Redder van die gebrokenes en die Trooster van almal wat hartseer en bekommerd is. Hy is die een wat hoop op redding gee. Ten spyte van ons gebroke wêreld en die chaos wat ons in ons lewens en werk ervaar, mag ons steeds die Here vir sy genade loof.*

***Vriendelike groete***

*Saskia Meijer*



## Beplanner

- **25 Okt:** Verkope 4P
- **29 Okt:** Veldskoolvergadering om 18:00
- **29 Okt:** Begrotingsvergadering om 19:00 vir 19:30
- **31 Okt:** Gr.11-eksamen begin
- **1 Nov:** Gr.7-afskeid
- **1 Nov:** Predikante-gesprek
- **2 Nov:** LS: Koor te GK Totiusdal
- **4 Nov:** Gr.8 - 10-eksamen begin
- **7 Nov:** LS: Gr.4-7 Kultuuraand en kunsuitstalling
- **18 Nov:** Laerskooleksamen begin

# Kerkgeskiedenis




Na twee jaar se harde werk is die pragtige kerkgeskiedenisboek verlede week bekend gestel. Ds. Pieter Boon en sy vrou, Jenny, het ‘n wonderlike gawe om die verhale te vertel, met feite te belig en af te rond met pragtige illustrasies asook foto’s.

Hierdie boek gaan DV 2025 die basis van die **kerkgeskiedeniskurrikulum** vorm en elke kind van gr. 4 – 12 moet so ‘n boek aanskaf.

Daar is twee weergawes van die boek, ‘n hardeband-uitgawe te koop teen R350 en dan ‘n sagtebandweergawe te koop teen R220. Hierdie boeke is te koop by **Boekenhout** self. Gaan loer gerus op hul webtuiste of op GSDP se webtuiste: Dirkies winkel https://www.gsdp.co.za/winkel/

Vir die boekbekendstelling het ons ‘n klein opgawe van die hardebandboeke laat druk. Dit blyk dat die gom waarmee die bladsye gebind is nie genoeg tyd gehad het om te set nie. Gevolglik is daar van die boeke wat se bladsye lostrek. Die drukkers (Inside Data) vra groot om verskoning en sal alle boeke wat lostrek vervang. Indien u dus so ‘n boek het, vra ons dat u dit asseblief by die **Laerskoolkantoor** terugbesorg.

## Staanklavier vir President Kruger Kinderhuis

’n Mooi **staanklavier** is beskikbaar vir President Kruger Kinderhuis. Daar is egter **herstelwerk** nodig voordat die kinders en personeel die klavier kan gebruik. Indien u wil bydra tot die herstelwerk en vervoer, stuur asseblief ’n boodskap na gsdp@gsdp.org.za of finansies@gsdp.org.za.



**Glasherwinningsprojek**

In 2023 het GSDP die eerste plek in Gauteng behaal met ons **glasherwinningsprojek**, danksy die ongelooflike ondersteuning van ons gemeenskap wat daarin geslaag het om **10.39 ton** glas te herwin. Baie dankie aan almal vir julle bydraes!

Ons doen weer ’n beroep op julle om ons te help om hierdie sukses voort te sit. Plaas asseblief al julle "afval"-glas in die houers by Cunninghamlaan, sodat ons saam kan probeer om die **nasionale wenner** vir 2024 te word!

As ons wen, ontvang die skool 'n waardevolle finansiële prys. **Kom ons maak ’n verskil!**






**Glyskaal? Verlaagde tariewe? Wat is die verskil?**

Woon die **ledevergadering** by om hieroor ingelig te word. Hierdie kosbare skool behoort aan die skoolvereniging en elke lid van die skoolvereniging het ‘n verantwoordelikheid om toe te sien dat die hulpbronne wat ons van die Here ontvang, so onderhou word dat onderrig ongehinderd kan voortgaan. As lid het u die **verantwoordelikheid** om vrae te vra asook om oor baie belangrike finansiële sake te stem.

Ons nooi u hartlik uit na die vergadering op **29 Oktober** om **19:00 vir 19:30** in die **Kandelaar kerk**.


HERVORMINGSDIENS
OKTOBER
31
07:40
GEREFORMEERDE HOËRSKOOL DIRK POSTMA
nooi u hartlik uit na ons Hervormingsdiens
DATUM: 31 Oktober 2024
TYD: 07:40
PLEK: Gereformeerde Kerk Kandelaar




Wees sterk en vol moed
ONS MAAK MOOI!
Pappa, Mamma en Dirkieland-maats. Kom help ons asb. om die kleuterskool weer gereed te kry vir 2025!
Meld aan op:
1 November van 14:00nm
OF
2 November 8:00am
Meer inligting volg later.


Dirkieland
GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA
Wil jy vir jou kleuter die beste fondament bied?
Dirkieland
Skryf nou aanlyn in en maak seker jou kind is gereed vir 2025

## Kuns-en-kultuuraand 2024

Op **7 November** is daar 'n Kuns-en-kultuuraand by die skool vanaf **17:30 - 19:00**.

**Sien uit na:**
*Kunsuitstalling met die leerlinge se kunswerke
*GSF-spreekkoor
*SF-spreekkoor
*Skoolkoor
*Engelse voorlesing
*Musiek deur gr.7's

Die **spreekkoor** oefen Maandag (28 Okt. en 4 Nov.) en Dinsdag (29 Okt. en 5 Nov.) van 13:30 - 14:00 saam in juf. Mart-Mari se klas.






# Hoërskool

## Eksamen

Die graad 11-leerlinge begin op **31 Oktober** met eksamen, en die res van die skool op Maandag, **4 November**. Daar is 'n brief met belangrike eksamenreëlings op die ouers se Whatsapp-groep gestuur. Baie sterkte aan al die leerlinge en ouers met die komende eksamen.



## Foto-bestellings

Leerlinge het hul **individuele** foto's ontvang. Alle **groepfoto's** sal op die ouer whatsapp-groep gestuur word. Plaas bestellings vir groepfoto's op dieselfde vorm as die individuele foto's.

Geen bestellings per whatsapp of e-pos sal aanvaar word nie. Alle bestellings moet op **4 November** ingehandig wees by die voogonderwysers of by mev. Marion Boersema in die kantoor.

## Leerlinge op die skoolterrein na skool

Dit gebeur dikwels dat ouers nie hul kinders **direk na skool** kan kom haal nie. Hier is nie toesig op die **hoërskoolterrein** vir leerlinge wat nie direk na skool huistoe kan gaan nie (behalwe in die geval van georganiseerde skoolaktiwiteite). Leerlinge bly dus op eie risiko op die skoolterrein. Die skool het 'n **naskoolsentrum** op die laerskoolterrein, waar leerlinge onder toesig huiswerk kan doen en studeer.

Ons wil ouers aanmoedig om die leerlinge wat nie direk na skool huistoe kan gaan nie, by die naskoolsentrum in te skryf. Die naskoolsentrum het ook 'n **dagtarief**, dan hoef u nie 'n maandelikse tarief te betaal indien u kind nie elke dag naskoolsentrum toe gaan nie.



## Dirkies help ’n ander-projek

Die naskoolsentrum van **Gereformeerde Kerk Ramotse** hou in November ’n **piekniek** vir die leerlinge. By die piekniek gee hulle gewoonlik ’n sakkie met toiletware aan elke leerling. Daar is **160** leerlinge.

Ons wil graag deel wees van die mooi projek. Plaas ’n **waslap, seep, tandeborsel, tandepasta en ’n rolletjie lekkers** in ’n plastieksakkie. Bind dit styf vas en sit ’n briefie met ’n skrifgedeelte in as jy wil. Stuur dit asb. Voor of op **1 November** skool toe.

Dirkies, so maklik maak ons vir iemand die dag baie meer spesiaal!



## Kultuur in Oktober

Ons **dramagroep** sluit 2024 op ’n hoogtepunt af!

Woensdag, **30 Oktober** neem Elrike Buys, Alisha Drijfhout en Joané Gous deel aan die **Mootkunstefees**. Elrike en Alisha skryf elkeen in vir gedramatiseerde prosa en dan neem hulle ook deel aan een item as ’n groep.

Donderdag, **31 Oktober** vier ons die **Reformasie**. Daar is ’n kort program in die kerkgebou van Die Kandelaar-gemeente. Die dramagroep gaan ’n uittreksel doen uit die Hervormingsfeesproduksie: *Uit diep van donker nagte*, geskryf deur Ina Opperman.


Te midde van voorbereidings vir die eindeksamen en einde-van-die-jaar-druk, is hierdie leerlinge hard aan die **oefen** in die middae na skool, in die beperkte tyd beskikbaar.

Baie sterkte aan julle!

# BESTEL SPESIALITEITSKOFFIE BY GEGROND

as deel van 'n fondsinsamelingsprojek saam met **GSDP**!




Gegrond word deur twee oudleerlinge bedryf.
**'n Deel van die wins word aan die skool geskenk.**




Bestellings kan elke **eerste Vrydag** van 'n maand by die skool afgehaal word.

GEGROND
COFFEE FOR THE UNRESTRICTED

Bestel by: https://gegrond.co.za/gsdp/




1ste klas
gratis!
Het jou kind 'n agterstand?
Leer jou kind sonder om te presteer?
TEST
Bereik jou kind sy/haar volle potensiaal?
In persoon of aanlyn
415 31ste laan, Villieria (By GK Bet-El)
Kontak Leandrè: 0716116091
Klasse is R125/klas vir groepsklasse en R250/klas vir individuele klasse. Elke klas is 50 minute.


Wiskunde/
Wetenskap
ekstra klasse
415 31ste laan, Villieria
(By GK Bet-El)
In persoon of aanlyn
Kontak Leandrè @0716116091

# Wen jou Wetenskap en Wiskunde

**Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:**

- Vraestelle met Memo's @ R130
- Nifty Notas @ R130

**Vat die volledige Wiskunde Pakket vir slegs R240**

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:**

- Nifty Notas @ R130
- Flashy Flitskaarte @ R70
- Vraestelle met memo's @ R130

**Vat die volledige Wetenskap Pakket vir slegs R300**

Afleweringskostes @ R120



# Win your Science and Maths

**Grade 10 to Grade 12 Maths:**

* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

Gr 10 Science Packs are busy brewing!!!

**Grade 11 to Grade 12 Science pack:**

* Snazzy Summaries @ R130
* Flashy Flashcards @ R70
* Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

**All the Science goodies @ R300**

Courier Costs @ R120


https://wenwetenskap.co.za

Helena - 0845103373

hverwey@absamail.co.za

# Snapscan Kodes

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:
EFT
D6-toep
Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

Snap here to pay
SnapScan
**GSDP-SKOOLFONDS**

Snap here to pay
SnapScan
**GSDP-BOUFONDS**

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING

### BLITS




**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.
Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**

MySchool MyVillage MyPlanet

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA

Pick n Pay
Inspired by you

**Plaas asseblief al u kasregisterstrokies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.**

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.**
**Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

